HERMANUS TIMES
29 May 2014, p.2

Nie veel beswaar teen die OM-begroting nie

FANIE KRIGE

Ondanks hewige kritiek wat die Overstrand-munisipaliteit se konsepbegroting vir 2014/15 op verskeie plekke tydens openbare vergaderings uitgelok het, is slegs veertien formele kommentare en besware van die publiek ontvang.

Die instansies wat beswaar aangeteken het, was die belastingbetalersverenigings van Pringlebaai, Kleinbaai, Stanford, Hermanus en Kleinmond, die huiseienaarsverenigings van Tuscan Villas en Villa Anadia, die Stanford-landbouvereniging en Fynbospark.

Mnre. P. van Zyl, P. Louw, P. Hendriksz, D. Oosthuizen en D.C. Scholtz het in hul persoonlike kapasiteit kommentaar gelewer.

Die Kleinmondse belastingbetalersvereniging, mnr. Oosthuizen en mnr. Louw was van mening dat die salarispakkette van die raadslede en topbestuur te hoog was.

In die begrotingsverslag word gemeld dat die munisipaliteit nie diskressie het oor die salarisse van die personeelkorps en die raadslede nie, omdat dit by wyse van nasionale prosesse bepaal word.

Topbestuur se vergoeding is by wyse van 'n vergelykingsproses deur die firma Work Dynamics bepaal en 'n verhoging van 7% is aanbeveel.

Dit is egter in lyn gebring met die verhoging van 6,25% wat vir die personeelkorps beding is en 'n besparing van R62 435 is bewerkstellig.

Daar moet in gedagte gehou word dat topbestuur se salarisse slegs 3,3% van die totale salariskomponent uitmaak en as daar geen verhoging was nie, sou die besparing slegs 0,7% beloop het.

Volgens die begrotingsverslag word daar besef dat die munisipaliteit ernstige aandag aan die omvang van sy salarisse en lone moet gee en dat dié proses as 'n saak van dringendheid gehanteer sal word.

Mnre. Louw, Hendriksz, Van Zyl en Oosthuizen, asook die Kleinmondse en Kleinbaaise belastingbetalersvereniging het almal gemeen dat die 15%-verhoging in eiendomsbelasting onredelik is. Die munisipaliteit wys daarop dat eiendomsbelasting met toegewings tydens vorige verhogings agtergeraak het en daarom aansienlik aangepas moes word. Die middelklas word wel in ag geneem deurdat die verhogings op die tariewe van dienste tot die inflasiekoers beperk is.

Fynbospark en mnr. D.C. Scholtz het beswaar gemaak teen die vullistarief wat op deeltiteleienaars van toepassing is.

Die munisipaliteit sê dat verwydering net een van die kostekomponente van die diens is wat in ag geneem word by die bepaling van dié tarief.

Ten einde eenvormigheid, eenvoud en gelykheid te bewerkstellig, is daar besluit om die tarief te standaardiseer.

'n Algemene stelling dat Overstrand se tariefverhogings van die hoogste in die land is deur mnre. Oosthuizen, Hendriksz en die Kleinmondse belastingbetalersvereniging, is verwerp.

'n Vergelyking is gedoen tussen vyf Wes-Kaapse munisipaliteite wat dienste op 'n soortgelyke vlak lewer en daar is bevind dat Overstrand se tariewe in lyn is met die ander. Boonop word uitgawes tot die been gesny, volgens die begrotingsverslag.

Die ander kommentare het na spesifieke tariewe verwys of na kwessies soos die instandhouding van strate, wetstoepassing, doeltreffendheid en produktiwiteit, asook plaaslike ekonomiese ontwikkeling.

This material has been copied under a DALRO licence and is not for resale or retransmission.